# REUNERT

↑28% WESENSVERDIENSTE PER AANDEEL



↑17% INKOMSTE



↑24% FINALE DIVIDEND PER AANDEEL

REUNERT LIMITED

# NAGESIENE RESULTATE VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 SEPTEMBER 2006

## VERKORTE GROEPINKOMSTESTAAT

Vir die jaar geëindig 30 September 2006

| | Aantekeninge | 2006 R miljoen (Nagesien) | 2005 R miljoen (Heraangegee) | %-verandering |
|---|---|---|---|---|
| Inkomste | | 8 236,4 | 7 012,0 | 17 |
| Verdienste voor rente, belasting, waardevermindering en amortisasie (WRBWA) | | 1 335,9 | 967,2 | 38 |
| Waardevermindering en amortisasie | | 63,2 | 49,9 | 27 |
| Bedryfswins | 1 | 1 272,7 | 917,3 | 39 |
| Netto rente- en dividendinkomste | 2 | 64,9 | 50,1 | 30 |
| Wins voor abnormale items | | 1 337,6 | 967,4 | 38 |
| Abnormale items | 3 | 1,6 | 3,9 | |
| Wins voor belasting | | 1 339,2 | 971,3 | 38 |
| Belasting | 4 | 500,5 | 326,5 | 53 |
| Wins na belasting | | 838,7 | 644,8 | 30 |
| Aandeel van wins in geassosieerde maatskappy | 2 | 95,2 | 79,2 | 20 |
| Wins vir die jaar | | 933,9 | 724,0 | 29 |
| Wins vir die jaar toeskryfbaar aan: | | | | |
| Minderheidsbelang | | 11,1 | 10,7 | 4 |
| Ekwiteitshouers van Reunert Beperk | | 922,8 | 713,3 | 29 |
| | | 933,9 | 724,0 | |
| Basiese verdienste per aandeel (sent) | 5 | 527,0 | 411,4 | 28 |
| Verwaterde basiese verdienste per aandeel (sent) | 5 | 522,4 | 406,5 | 28 |
| Wesensverdienste per aandeel (sent) | 5 & 6 | 524,6 | 408,4 | 28 |
| Verwaterde wesensverdienste per aandeel (sent) | 5 & 6 | 520,0 | 403,6 | 29 |
| Genormaliseerde basiese verdienste per aandeel (sent) | 5 & 6 | 497,7 | 397,1 | 25 |
| Genormaliseerde wesensverdienste per aandeel (sent) | 5 & 6 | 495,3 | 394,1 | 26 |
| Genormaliseerde verwaterde basiese verdienste per aandeel (sent) | 5 & 6 | 493,3 | 392,5 | 26 |
| Genormaliseerde verwaterde wesensverdienste per aandeel (sent) | 5 & 6 | 490,9 | 389,5 | 26 |
| Dividend per gewone aandeel vir die huidige jaar verklaar (sent) | | 273,0 | 222,0 | 23 |
| Spesiale dividend per aandeel verklaar (sent) | | 200,0 | | |
| Belastingkoers met uitsluiting van abnormale items en SBM ten opsigte van die spesiale dividend (%) | | 34,2 | 33,8 | 1 |
| WRBWA as 'n % van inkomste | | 16,2 | 13,8 | 17 |

## VERKORTE GROEPBALANSSTAAT

Op 30 September 2006

| | Aantekeninge | 2006 R miljoen (Nagesien) | 2005 R miljoen (Heraangegee) |
|---|---|---|---|
| **Nie-bedryfsbates** | | | |
| Eiendom, aanleg, toerusting en ontasbare bates | | 467,3 | 336,3 |
| Klandisiewaarde | | 326,8 | 329,0 |
| Beleggings en lenings | 7 | 148,8 | 116,2 |
| RC&C Finance Company-rekeninge ontvangbaar | | 985,3 | 726,0 |
| Uitgestelde belasting | | 59,1 | 37,5 |
| | | 1 987,3 | 1 545,0 |
| **Bedryfsbates** | | | |
| Voorraad en onvoltooide kontrakte | | 809,0 | 560,9 |
| Rekeninge ontvangbaar en afgeleide bates | | 1 462,7 | 1 004,9 |
| RC&C Finance Company-rekeninge ontvangbaar | | 418,5 | 302,2 |
| Nie-bedryfsbates gehou vir verkoop | | 2,6 | — |
| Kontant en kontantekwivalente | | 969,3 | 784,4 |
| | | 3 662,1 | 2 652,4 |
| **Totale bates** | | 5 649,4 | 4 197,4 |
| **Ekwiteit toeskryfbaar aan ekwiteitshouers van Reunert Beperk** | | | |
| Gewone | | 1 680,2 | 1 561,0 |
| Voorkeur | | 0,7 | 0,7 |
| | | 1 680,9 | 1 561,7 |
| Minderheidsbelang | | 38,2 | 43,0 |
| **Totale ekwiteit** | | 1 719,1 | 1 604,7 |
| **Nie-bedryfslaste** | | | |
| Langtermynlenings | 8 | 115,0 | 111,7 |
| Uitgestelde belasting | | 141,6 | 81,7 |
| | | 256,6 | 193,4 |
| **Bedryfslaste** | | | |
| Rekeninge betaalbaar, afgeleide aanspreeklikhede, voorsienings en belasting | | 2 068,1 | 1 511,6 |
| RC&C Finance Company-banklenings | 9 | 1 187,9 | 866,8 |
| Aandeelhouers vir dividende | | 390,7 | — |
| Bankoortrekkings en korttermyngedeelte van langtermynlenings | | 27,0 | 20,9 |
| | | 3 673,7 | 2 399,3 |
| **Totale ekwiteit en laste** | | 5 649,4 | 4 197,4 |

## VERKORTE GROEPSTAAT VAN VERANDERINGS IN EKWITEIT

Vir die jaar geëindig 30 September 2006

| | 2006 R miljoen (Nagesien) | 2005 R miljoen (Heraangegee) |
|---|---|---|
| **Aandelekapitaal en premie** | 76,9 | 49,4 |
| Saldo aan begin van jaar | 49,4 | 22,7 |
| Aandele-uitgifte | 27,5 | 26,7 |
| **Aandeelgebaseerde betalingsreserwe** | 40,4 | 30,8 |
| Saldo aan begin van jaar | 30,8 | — |
| Aandeelgebaseerde betalingsuitgawe | 9,6 | 30,8 |
| **Skatkisaandele** | (282,0) | (282,0) |
| Saldo aan begin van jaar | (282,0) | (282,0) |
| **Nie-verdeelbare reserwes** | 104,8 | 67,3 |
| Saldo aan begin van jaar | 67,3 | 55,0 |
| Oordrag vanaf opgelope wins | 39,2 | 10,0 |
| Omsettingsreserwe | 0,8 | (0,2) |
| Billikewaarde-aanpassings | (2,5) | 2,5 |
| **Opgelope wins** | 1 740,8 | 1 696,2 |
| Saldo aan begin van jaar | 1 696,2 | 1 291,5 |
| Wins vir die jaar | 922,8 | 713,3 |
| Oordrag na nie-verdeelbare reserwes | (39,2) | (10,0) |
| Dividende verklaar | (839,0) | (298,6) |
| **Ekwiteit toeskryfbaar aan ekwiteitshouers van Reunert Beperk** | 1 680,9 | 1 561,7 |
| **Minderheidsbelang** | 38,2 | 43,0 |
| Saldo aan begin van jaar | 43,0 | 40,0 |
| Wins vir die jaar | 11,1 | 10,7 |
| Dividende verklaar | (15,9) | (9,7) |
| Netto minderheidsbelang erken | — | 2,0 |
| **Totale ekwiteit aan einde van jaar** | 1 719,1 | 1 604,7 |

## VERKORTE GROEPKONTANTVLOEISTAAT

Vir die jaar geëindig 30 September 2006

| | 2006 R miljoen (Nagesien) | 2005 R miljoen (Heraangegee) |
|---|---|---|
| WRBWA | 1 335,9 | 967,2 |
| Toename in netto bedryfskapitaal | (628,4) | (601,0) |
| Toename in RC&C Finance Company-rekeninge ontvangbaar | (375,6) | (499,7) |
| Toename in ander bedryfskapitaal | (252,8) | (101,3) |
| Kontant deur bedrywighede gegenereer | 707,5 | 366,2 |
| Netto rente- en dividendinkomste (insluitende geassosieerde maatskappy) | 120,9 | 119,3 |
| Belasting betaal | (347,4) | (364,9) |
| Dividende betaal (insluitende minderheidsaandeelhouers) | (464,2) | (308,3) |
| Ander (netto) | (4,3) | 29,3 |
| Netto kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite | 12,5 | (158,4) |
| Netto kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite | (185,7) | (48,5) |
| Netto kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite | 27,0 | 156,1 |
| **Netto afname in kontant en kontantekwivalente** | (146,2) | (50,8) |
| **Netto korttermyn-banklenings aan begin van die jaar** | (84,0) | (33,2) |
| **Netto korttermyn-banklenings aan einde van die jaar** | (230,2) | (84,0) |
| Kontant en kontantekwivalente | 969,3 | 784,4 |
| Bankoortrekkings | (11,6) | (1,6) |
| Kontant en kontantekwivalente (netto) | 957,7 | 782,8 |
| RC&C Finance Company-banklenings (aantekening 9) | (1 187,9) | (866,8) |
| **Netto korttermyn-banklenings aan einde van die jaar** | (230,2) | (84,0) |

## AANTEKENINGE

| | 2006 R miljoen (Nagesien) | 2005 R miljoen (Heraangegee) | %-verandering |
|---|---|---|---|
| **Aantekening 1** | | | |
| **Bedryfswins** | | | |
| Bedryfswins word aangegee na: | | | |
| – Koste van verkope | 5 647,9 | 4 826,6 | |
| – Ander uitgawes met uitsluiting van waardevermindering en amortisasie | 1 325,5 | 1 233,4 | |
| – Ander inkomste | (72,9) | (15,2) | |
| **Aantekening 2** | | | |
| **Netto rente- en dividendinkomste** | | | |
| Rente ontvang | 92,9 | 60,8 | |
| – Vanaf RC&C Finance Company | 57,2 | 30,1 | |
| – Ekstern | 35,7 | 30,7 | |
| Rente betaal | (34,9) | (23,5) | |
| Dividendinkomste (uitsluitend van geassosieerde maatskappy) | 6,9 | 12,8 | |
| Totaal | 64,9 | 50,1 | |
| Dividendinkomste van geassosieerde maatskappy ingesluit by aandeel van wins in geassosieerde maatskappy | 56,0 | 69,2 | |
| **Aantekening 3** | | | |
| **Abnormale items** | | | |
| Surplus met verkoop van beleggings | 5,0 | 6,4 | |
| Waardedaling van klandisiewaarde | (3,4) | — | |
| Waardedaling van masjinerie en toerusting | — | (4,9) | |
| Negatiewe klandisiewaarde ingesluit in wins | — | 2,4 | |
| Totaal voor belasting | 1,6 | 3,9 | |
| Belasting | — | 1,4 | |
| Totaal | 1,6 | 5,3 | |
| **Aantekening 4** | | | |
| **Belasting** | | | |
| Die belastinguitgawe vir 2006 sluit in Sekondêre Belasting op Maatskappye ten opsigte van die spesiale dividend ten bedrae van R43,7 miljoen (2005: nul). | | | |
| **Aantekening 5** | | | |
| **Aantal aandele gebruik om verdienste per aandeel te bereken** | | | |
| Geweegde gemiddelde aantal uitgereikte aandele gebruik om basiese verdienste per aandeel, wesensverdienste per aandeel, genormaliseerde basiese verdienste per aandeel en genormaliseerde wesensverdienste per aandeel te bepaal (miljoene aandele) | 175,1 | 173,4 | |
| Aangepas met die verwaterende uitwerking van onuitgeoefende aandeelopsies toegestaan (miljoene aandele) | 1,5 | 2,1 | |
| Geweegde gemiddelde aantal aandele gebruik om verwaterde basiese, genormaliseerde verwaterde basiese, verwaterde wesens- en genormaliseerde verwaterde wesensverdienste per aandeel te bepaal (miljoene aandele) | 176,6 | 175,5 | |
| **Aantekening 6.1** | | | |
| **Wesensverdienste** | | | |
| Wesensverdienste is bepaal deur die uitwerking van die volgende items in toeskryfbare verdienste uit te skakel: | | | |
| Wins toeskryfbaar aan ekwiteitshouers van Reunert Limited | 922,8 | 713,3 | |
| Surplus met verkoop van beleggings | (5,0) | (6,4) | |
| (Surplus)/verlies met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting | (2,6) | 0,2 | |
| Waardedaling van klandisiewaarde | 3,4 | — | |
| Negatiewe klandisiewaarde in abnormale items weerspieël | — | (2,4) | |
| Waardedalings van masjinerie en toerusting | — | 4,9 | |
| Belasting | — | (1,5) | |
| Wesensverdienste | 918,6 | 708,1 | |
| **Aantekening 6.2** | | | |
| **Genormaliseerde verdienste** | | | |
| Genormaliseerde verdienste is bepaal deur die aandeel in wins wat ekonomies toeskryfbaar is aan SEB-vennote, van toeskryfbare verdienste af te trek (aantekening 10): | | | |
| Wins toeskryfbaar aan ekwiteitshouers van Reunert Limited | 922,8 | 713,3 | |
| Aandeel in winste ekonomies toeskryfbaar aan SEB-vennote | (51,4) | (24,7) | |
| Genormaliseerde verdienste (basies en verwaterd) | 871,4 | 688,6 | 27 |
| Genormaliseerde wesensverdienste is bepaal deur die aandeel in winste ekonomies toeskryfbaar aan SEB-vennote van wesensverdienste af te trek (aantekening 10): | | | |
| Wesensverdienste | 918,6 | 708,1 | |
| Aandeel in winste ekonomies toeskryfbaar aan SEB-vennote | (51,4) | (24,7) | |
| Genormaliseerde wesensverdienste (basies en verwaterd) | 867,2 | 683,4 | 27 |
| **Aantekening 7** | | | |
| **Beleggings en lenings** | | | |
| Ongenoteerde geassosieerde maatskappy – teen kosprys plus ekwiteitsverantwoorde verdienste met uitsluiting van klandisiewaarde | 126,0 | 86,8 | |
| Ander ongenoteerde beleggings – teen kosprys | 0,3 | 0,7 | |
| Lenings – teen kosprys | 22,5 | 20,9 | |
| Genoteerde beleggings beskikbaar vir verkoop – teen markwaarde | — | 7,8 | |
| Totale drawaardes | 148,8 | 116,2 | |
| Direkteurswaardasie van ongenoteerde beleggings | | | |
| – Ongenoteerde geassosieerde maatskappy | 520,0 | 520,0 | |
| – Ander ongenoteerde beleggings | 0,3 | 0,7 | |
| **Aantekening 8** | | | |
| **Langtermynlenings** | | | |
| Totale langtermynlening | 115,5 | 130,0 | |
| *Min:* Korttermyngedeelte | (15,2) | (18,6) | |
| | 100,3 | 111,4 | |
| Lening terugbetaal deur SEB-vennoot | 14,5 | — | |
| Totale bruikhuurkontrakte | 0,4 | 0,9 | |
| *Min:* Korttermyngedeelte | (0,2) | (0,6) | |
| | 115,0 | 111,7 | |

Die groep het 'n ooreenkoms met Powerhouse Utilities (Edms) Beperk aangegaan, ingevolge waarvan 25,1% van die aandele van ATC (Edms) Beperk (ATC) op 1 Desember 2004 teen 'n koste van R130 miljoen aan Powerhouse verkoop is. IFVS vereis dat hierdie transaksie nie as 'n verkoop verantwoord word nie aangesien die banklening nie deur Powerhouse opbetaal is nie en daar sekere voorwaardes aan die onbetaalde gedeelte verbonde is, nieteenstaande die feit dat die ekonomiese realiteit van hierdie transaksie 'n verkoop verteenwoordig.

Die langtermynlening hou verband met finansiering wat deur Nedbank Beperk (Nedbank) aan Powerhouse beskikbaar gestel is vir hul verkryging van 25,1% van ATC. Die lening is deur Reunert Limited gewaarborg en, ingevolge bestaande rekeningkundige praktyk wat vir hierdie transaksie geld, is dit in die balansstaat erken. Terugbetaling van die lening deur die SEB-vennoot verteenwoordig 'n gedeelte van dividende wat deur ATC aan Powerhouse betaal is en aangewend is om 'n gedeelte van die lening van Nedbank aan Powerhouse terug te betaal. Ingevolge bestaande rekeningkundige praktyk word dit as 'n langtermyn-aanspreeklikheid in die Reunert-balansstaat weerspieël. Wanneer die beduidende risiko's en voordele verbonde aan eienaarskap in die ekwiteit van ATC geag word na die SEB-vennoot oor te gaan, sal hierdie gedeelte van die lening wat deur Powerhouse betaal is, na minderheidsbelang oorgedra word.

**Aantekening 9**
**RC&C Finance Company-banklenings**

RC&C Finance Company beskik oor banklenings ten bedrae van R1,2 miljard (2005: R1,2 miljard). Die banke wat hierdie fasiliteite toegestaan het, is kontraktueel tot die verskaffing daarvan op 'n langtermyn-grondslag verbind. Die fasiliteite mag egter ingevolge kennisgewing deur hulle teruggetrek word. Nadat sodanige kennisgewing gerig is, verminder die fasiliteite na nul ooreenkomstig die vermindering in die onderliggende huurdebiteure oor 'n maksimum van vyf jaar.

**Aantekening 10**
**Swart Ekonomiese Bemagtigingstransaksies (SEB)**

| | 2006 R miljoen (Nagesien) | 2005 R miljoen (Heraangegee) |
|---|---|---|
| Soos in aantekening 8 na verwys, is sekere SEB-transaksies betreffende die verkoop van ekwiteitsbelange nie erken nie, aangesien aanvaar is dat die beduidende risiko's en vergoedings verbonde aan eienaarskap van die ekwiteit nie na die SEB-vennote oorgedra is nie. Vervolgens is die ekwiteitsbelange in filiale nie in die groep se inkomstestaat en balansstaat erken nie. | | |
| Die uitwerking hiervan was om nie die volgende te erken nie: | | |
| – Aandeel in huidige jaar se wins wat ekonomies toeskryfbaar is aan SEB-vennote | 51,4 | 24,7 |
| – Balansstaat-gedeelte ekonomies toeskryfbaar aan SEB-vennote | 106,3 | 96,0 |

**Aantekening 11**
**Grondslag van opstelling**

Die vorige jaar se finansiële state is ooreenkomstig SA AARP opgestel. Die rekeningkundige beleid strook met dié van die vorige jaar, behalwe dat die groep vanjaar Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (IFVS) aanvaar en gevolg het.

Die finansiële state vir die jaar geëindig 30 September 2006 sal die groep se eerste gekonsolideerde finansiële state wees wat aan IFVS voldoen en dus is IFVS 1 "Eerste gebruik van IFVS" vir die opstel van hierdie aankondiging toegepas. Die groep se openingsbalansstaat op 1 Oktober 2004 en die vergelykende inligting vir 2005 is heraangegee om aan IFVS te voldoen. Dieselfde rekeningkundige beleid en metodes is in hierdie verkorte finansiële state gevolg.

Hierdie verkorte finansiële state is opgestel ingevolge IRS 34 "Tussentydse Finansiële Verslagdoening" as ook ter nakoming van Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (IFVS) en Internasionale Finansiële Verslagdoeningsvertolkingskomitee (IFVVK) Interpretasies, die Maatskappywet van Suid-Afrika, Wet 61 van 1973, soos gewysig en die Noteringsvereistes van die JSE Beperk.

Die impak van die IFVS-aanname en omskepping word in aantekening 12 by hierdie aankondiging uiteengesit.

**Aantekening 12**
**Rekonsiliasie van SA AARP en IFVS**

| | Aantekeninge | 30 Sept 2005 R miljoen | 1 Okt 2004 R miljoen |
|---|---|---|---|
| **Rekonsiliasie van wins vir die jaar** | | | |
| **() = vermindering in wins** | | | |
| Soos voorheen onder SA AARP verslag gedoen | | 719,7 | |
| – Wins toeskryfbaar aan ekwiteitshouers van Reunert Beperk | | 709,2 | |
| – Wins toeskryfbaar aan minderheidsbelang | | 10,5 | |
| *Aangepas vir:* | | | |
| *SA AARP heraangegewe syfers* | | 1,2 | |
| – IRS 16 – Eiendom, aanleg en toerusting – terugskrywing van waardevermindering van grond | 12.1 | 0,7 | |
| – IRS 38 – Ontasbare bates | 12.2 | (0,2) | |
| – IRS 17 – Bruikhure | 12.3 | — | |
| – IRS 11 – Konstruksiekontrakte | 12.4 | 0,7 | |
| *IFVS-aanpassings* | | | |
| – IRS 16 – Eiendom, aanleg en toerusting | 12.1 | 10,5 | |
| – Uitwerking op uitgestelde belasting van alle aanpassings | | (7,4) | |
| Soos onder IFVS verslag gedoen | | 724,0 | |
| – Wins toeskryfbaar aan ekwiteitshouers van Reunert Beperk | | 713,3 | |
| – Wins toeskryfbaar aan minderheidsbelang | | 10,7 | |
| **Rekonsiliasie van totale ekwiteit** | | | |
| **() = vermindering van totale ekwiteit** | | | |
| Soos voorheen onder SA AARP verslag gedoen | | 1 496,0 | 1 022,8 |
| – Wins toeskryfbaar aan ekwiteitshouers van Reunert Beperk | | 1 453,5 | 983,1 |
| – Minderheidsbelang | | 42,5 | 39,7 |
| *Aangepas vir:* | | | |
| *SA AARP heraangegewe syfers* | | 5,8 | 4,6 |
| – IRS 16 – Eiendom, aanleg en toerusting – terugskrywing van waardevermindering van grond | 12.1 | 5,6 | 4,9 |
| – IRS 38 – Ontasbare bates | 12.2 | 0,6 | 0,8 |
| – IRS 17 – Bruikhure | 12.3 | (1,5) | (1,5) |
| – IRS 11 – Konstruksiekontrakte | 12.4 | 1,1 | 0,4 |
| *IFVS-aanpassings* | | | |
| – IRS 16 – Eiendom, aanleg en toerusting | 12.1 | 138,3 | 127,8 |
| – Uitwerking op uitgestelde belasting van alle aanpassings | | (35,4) | (28,0) |
| Soos onder IFVS verslag gedoen | | 1 604,7 | 1 127,2 |
| – Wins toeskryfbaar aan ekwiteitshouers van Reunert Beperk | | 1 561,7 | 1 087,2 |
| – Minderheidsbelang | | 43,0 | 40,0 |

*Die uitwerking op basiese verdienste per aandeel en wesensverdienste per aandeel is 'n verhoging van 2,5 sent.*

12.1 *IRS 16 – Eiendom, aanleg en toerusting*
Die nuttige lewensduur, residuwaardes, kapitalisasie van verdere besteding en verdeling van eiendom, aanleg en toerusting in komponente is geherevalueer en het gelei tot 'n aansienlike aanpassing aan die groep se drabedrag van eiendom, aanleg en toerusting. Die nuttige lewensduur en residuwaardes van eiendom, aanleg en toerusting sal jaarliks evalueer word.

12.2 *IRS 38 – Ontasbare bates*
Ontasbare bates bestaande uit rekenaarsagteware en 'n klantelys is van die eiendom, aanleg en toerusting geskei. Die waardevermindering van hierdie ontasbare bates word nou as amortisasie van ontasbare bates in die inkomstestaat aangegee.

12.3 *IRS 17 – Bruikhure*
Inkomste en uitgawes onder bedryfsbruikhure met vaste stygingsklousules word nou op 'n reguitlyngrondslag erken in ooreenstemming met Omsendbrief 7/2005 wat deur die Suid-Afrikaanse Instituut van Geoktrooieerde Rekenmeesters (SAIGR) uitgereik is. Bedryfsbruikhuurinkomste en -uitgawes is voorheen op 'n kontantgrondslag erken. Bruikhuur is ook gekapitaliseer.

12.4 *IRS 11 – Konstruksiekontrakte*
Die groep se rekeningkundige beleid oor die erkenning van kontrakinkomste en kontrakkoste is in lyn gebring met IRS 11 om kontrakinkomste en kontrakkoste te erken met verwysing na die stadium van voltooiing van die kontrak op die balansstaatdatum.

**Aantekening 13**
**Heraangewing**

Die groep het tevore korting aan kliënte as 'n uitgawe aangegee. Die groep verantwoord nou korting aan kliënte as deel van inkomste ingevolge Omsendbrief 9/2006 wat deur die SAIGR uitgereik is.
Die vorige jaar se inkomste en ander uitgawes is heraangegee om die verandering te weerspieël.
Die aanpassing het geen uitwerking op wins óf op die balansstaat uitgeoefen nie.

| **Uitwerking op die inkomstestaat:** | 2005 R miljoen |
|---|---|
| Daling in inkomste | 25,3 |
| Afname in ander uitgawes | (25,3) |

**Aantekening 14**
**Ongekonsolideerde filiaal**

Die finansiële resultate van Cafca Beperk (Cafca), 'n filiaal wat in Zimbabwe geïnkorporeer is, is nie in die groepresultate gekonsolideer nie aangesien die direkteure dit eens is dat daar 'n gebrek aan beheer is soos bepaal deur IRS 27: "Gekonsolideerde en Afsonderlike Finansiële State" en dat die tersaaklike bedrae nie wesenlik is nie.

**Aantekening 15**
**Verkrygings**

Gedurende Maart 2006 is verskeie van Dynatrack se bates vir R4,3 miljoen verkry en met die besigheid van Acuo gekombineer. Ook in Maart 2006 is die bates en laste van Black Dot IT-maatskappy vir 'n bedrag van R2,1 miljoen (insluitend R0,1 miljoen kontant) verkry en met die besigheid van Nashua Mobile gekombineer. Na die mening van die direkteure is die openbaarmakingsvereistes van IFVS 3 aan aandeelhouers, nie in hierdie aankondiging nodig nie, aangesien die verkrygings nie wesenlik is nie.

## AANVULLENDE INLIGTING

Vir die jaar geëindig 30 September 2006

| R miljoen (tensy anders aangedui) | 2006 (Nagesien) | 2005 (Heraangegee) |
|---|---|---|
| Netto batewaarde per aandeel (sent) | 953 | 896 |
| Netto batewaarde per aandeel (sent) – tasbaar | 761 | 702 |
| Bedryfsbateverhouding uitsluitende rentedraende bedryfslaste (:1) | 1,8 | 1,8 |
| Netto aantal uitgereikte gewone aandele (miljoen) | 176,3 | 174,4 |
| Aantal uitgereikte gewone aandele (miljoen) | 195,3 | 193,4 |
| *Min*: Deur filiaal gehou (miljoen) | (19,0) | (19,0) |
| Kapitaalbesteding | 194,3 | 59,7 |
| – Uitbreiding | 134,1 | 22,6 |
| – Vervanging | 60,2 | 37,1 |
| Kapitaalverbintenisse | 108,2 | 68,9 |
| – Gekontrakteer | 56,2 | 42,6 |
| – Gemagtig maar ongekontrakteer | 52,0 | 26,3 |
| Verbintenisse ten opsigte van bedryfshuurkontrakte | 84,0 | 50,0 |
| Voorwaardelike aanspreeklikhede | 3,7 | 5,6 |

## VERKORTE SEGMENTONTLEDING

Vir die jaar geëindig 30 September 2006

| | 2006 R miljoen (Nagesien) | % | 2005 R miljoen (Heraangegee) | % | %-verandering |
|---|---|---|---|---|---|
| **Inkomste** | | | | | |
| **Elektriese Ingenieurswese** | 2 573,7 | 27 | 1 986,7 | 25 | 30 |
| **Elektronika** | | | | | |
| Kantoorstelsels | 1 234,8 | 13 | 981,3 | 12 | 26 |
| Verbruiksprodukte en -dienste | 4 109,0 | 43 | 3 743,7 | 47 | 10 |
| Telekommunikasie | 1 285,7 | 14 | 993,0 | 12 | 29 |
| Reutech | 317,3 | 3 | 300,3 | 4 | 6 |
| **Totale Elektronika** | 6 946,8 | 73 | 6 018,3 | 75 | 15 |
| Totale bedrywighede | 9 520,5 | 100 | 8 005,0 | 100 | 19 |
| *Min:* Reunert se toeskryfbare gedeelte van die inkomste van geassosieerde maatskappy | (1 284,1) | | (993,0) | | |
| **Inkomste soos verklaar** | 8 236,4 | | 7 012,0 | | 17 |
| **Bedryfswins** | | | | | |
| **Elektriese Ingenieurswese** | 552,1 | 39 | 332,7 | 32 | 66 |
| **Elektronika** | | | | | |
| Kantoorstelsels | 314,1 | 22 | 257,1 | 24 | 22 |
| Verbruiksprodukte en -dienste | 374,5 | 27 | 324,5 | 31 | 15 |
| Telekommunikasie | 142,9 | 10 | 131,9 | 13 | 8 |
| Reutech | 30,4 | 2 | 3,7 | — | 722 |
| **Totale Elektronika** | 861,9 | 61 | 717,2 | 68 | 20 |
| Totale bedrywighede | 1 414,0 | 100 | 1 049,9 | 100 | 35 |
| *Min:* Reunert se toedeelbare gedeelte van geassosieerde maatskappy se netto bedryfswins | (141,3) | | (132,6) | | |
| **Bedryfswins soos verklaar** | 1 272,7 | | 917,3 | | 39 |

# KOMMENTAAR

Die afgelope jaar was ’n goeie jaar vir Reunert. As gevolg van die volgehoue sterk binnelandse ekonomie het inkomste met 17% tot R8,2 miljard gestyg terwyl bedryfswins met 39% tot R1,3 miljard toegeneem het. Bruto marges het betreklik konstant gebly en die hoër persentasie groei in wins vergeleke met omset is behaal deur die styging in bokoste tot onder 8% in bedwang te hou.

Kontantvloei was vir die afgelope paar jaar deurgaans sterk, wat uitgeloop het op die besluit om in Augustus 2006 ’n spesiale dividend van R2,00 per gewone aandeel te verklaar.

## Oorsig van bedrywighede

### ELEKTRIESE INGENIEURSWESE

Die konsolidasie van die drie besighede onder een handelsnaam, CBI-electric, is gedurende die jaar afgehandel en in Junie amptelik van stapel gestuur. Inkomste het met 30% tot R2,6 miljard gestyg en bedryfswins met 66% tot R552 miljoen.

Die bestelboek vir energiekabels bly sterk, gesteun deur die toenemende besteding aan infrastruktuur. Kapitaalbesteding het kapasiteit uitgebrei en bedryfsdoeltreffendheid verbeter.

Daar is gedurende die jaar ’n aansienlike toename in die verkoop van telekommunikasiekabels aangeteken, wat tot sterk winsverhaling gelei het. ’n Ooreenkoms is met Aberdare aangegaan om die bates van Aberdare se telekommunikasiekabelbesigheid te verkry in ruil vir ’n 50%-aandeel in ’n nuwe maatskappy wat ’n gesamentlike onderneming tussen ATC en Aberdare sal wees, onderhewig aan die goedkeuring van die Mededingingskommissie. Die bykomende kapasiteit wat verkry word, sal die maatskappy in staat stel om aan die verwagte sterk vraag na koper en veseloptiese telekommunikasiekabels in Afrika te voldoen.

Die laespanningsbesigheid het goed presteer en maak steeds vordering in uitvoermarkte, veral in Europa.

### ELEKTRONIESE PRODUKTE EN DIENSTE

Totale bedryfswins het met 20% tot R862 miljoen toegeneem in navolging van ’n 15%-styging in omset tot R6,9 miljard.

Nashua Office Automation en Nashua Mobile het albei reële groei in verkope en beter winsgewendheid ondervind.

Ten spyte van volgehoue prysdeflasie en hewige mededinging, het die verbruikerselektronikabesigheid matige groei in verkope en wins getoon.

Siemens Telecommunications het verslag gedoen van sterk groei in verkope gedurende die jaar. Siemens wêreldwyd het onlangs aangekondig dat hulle hul telekommunikasiebedrywighede op 1 Januarie 2007 met Nokia saamsmelt. Dit sal op die pad vorentoe aan die besigheid geleenthede en uitdagings bied.

Die verdedigingsondernemings het beter winsgewendheid vanaf ’n lae basis aangemeld en hul bestaande bestelboek sowel as vooruitsigte is beter as ’n jaar gelede. ’n Proses is gedurende 2006 aan die gang gesit, wat daartoe kan lei dat sommige, of al die besighede, verkoop kan word.

## VERDERE GEBEURTENISSE

In ’n transaksie ter waarde van R1,1 miljard het Reunert – onderhewig aan aandeelhouers se goedkeuring – ooreengekom om sowat 10% van Reunert in ’n SEB-transaksie van die hand te sit. Dertig persent van die 10% gaan verkry word deur ’n vrouegroep bestaande uit Peotona se stigterslede. Die oorblywende 70% van die 10% gaan deur ’n breedgebaseerde onderwys-trust aangeskaf word. Reunert sal ’n SEB aandeelhouding van ongeveer 10% bereik, wat ’n toekomstige personeel skema insluit. Volledige besonderhede word verstrek in ’n transaksie aankondiging wat terselfdertyd met hierdie publikasie vrygestel gaan word. Reunert is verheug oor hierdie transaksie, wat sy verbintenis tot transformasie bevestig, en is vol vertroue dat die transaksie tot ’n waardeverbetering sal lei.

Reunert het onlangs die totstandkoming van ’n gesamentlike finansierings-maatskappy saam met PSG aangekondig, onderhewig aan die nakoming van sekere opskortende voorwaardes. Reunert dra sy aandeel in RC&C Finance vir 49,9% van die nuwe maatskappy by terwyl die PSG Groep 39,9% sal besit en ander minderheidsaandeelhouers 10,2%. Gesamentlik sal hulle R375 miljoen in kontant bydra. Reunert is vol vertroue dat die maatskappy met nuwe vennote sal ontwikkel tot ’n mag om mee rekening te hou in batefinansiering.

## Vooruitsigte

Die sakeklimaat in die algemeen sal na verwagting gunstig wees en die meeste van die groep se besighede sal in alle waarskynlikheid voortgaan om reële groei in verdienste te behaal. Die verbruikersbesigheid kan in ’n klimaat van hoë rentekoerse langsamer vraag ondervind.

In die algemeen behoort die groep reële groei in verdienste te ondervind voor die eenmalige koste verbonde aan die SEB-transaksie.

## Nagesiene resultate

Die bogenoemde resultate is deur die groepsouditeure, Deloitte & Touche, nagesien en ’n afskrif van hul ongekwalifiseerde verslag is ter insae by die maatskappy se geregistreerde kantoor beskikbaar.

## Dividend

Kennis geskied hiermee dat die direkteure finale dividend No 161 van 210 sent per aandeel (2005: 170 sent per aandeel) vir die jaar geëindig 30 September 2006 verklaar het. Ter voldoening aan die vereistes van STRATE, is die volgende datums van toepassing:

| | |
|---|---|
| Laaste dag vir verhandeling (met dividend) | Vrydag, 12 Januarie 2007 |
| Eerste dag vir verhandeling (sonder dividend) | Maandag, 15 Januarie 2007 |
| Rekorddatum | Vrydag, 19 Januarie 2007 |
| Betaaldatum | Maandag, 22 Januarie 2007 |

Aandeelhouers mag nie hul aandeelsertifikate tussen Maandag 15 Januarie 2007 en Vrydag 19 Januarie 2007, albei dae ingesluit, dematerialiseer of hermaterialiseer nie.

NAMENS DIE DIREKSIE

**Martin Shaw**
*Voorsitter*

**Gerrit Pretorius**
*Uitvoerende Hoof*

Sandton, 20 November 2006

## REUNERT LIMITED

In die Republiek van Suid-Afrika geïnkorporeer
(Regnr 1913/004355/06)

Aandeelkode: RLO   ISIN-kode: ZAE000057428

**Direkteure:** MJ Shaw (Voorsitter)*, G Pretorius (Hoof uitvoerende beampte), BP Connellan*, KS Fuller*, BP Gallagher, SD Jagoe*, KJ Makwetla*, KC Morolo*, GJ Oosthuizen, DJ Rawlinson, Dr JC van der Horst* *Nie-uitvoerend

**Geregistreerde kantoor:** Lincoln Wood Office Park, Woodlandsrylaan 6 – 10, Woodmead, Sandton. Posbus 784391, Sandton, 2146.
Telefoon +27 11 517 9000

**Oordragsekretaris:** Computershare Investor Services 2004 (Edms) Beperk Marshallstraat 70, Johannesburg, 2001. Posbus 61051, Marshalltown, 2107

**Borg:** Rand Aksepbank (’n Divisie van FirstRand Beperk)

**Sertifisering deur Sekretaris:**
Kragtens Artikel 268 G(d) van die Maatskappywet, 61 van 1973, soos gewysig, verklaar ek hiermee dat, na die beste van my kennis en geloof, die maatskappy alle opgawes wat deur die Maatskappywet van ’n openbare maatskappy vereis word, vir die jaar geëindig 30 September 2006 by die Registrateur van Maatskappye ingedien het en dat al sodanige opgawes juis, korrek en op datum is.

**JAF Simmonds**
**Vir Reunert Management Services Beperk**
**Maatskappysekretarisse**

**Navrae:** Carina de Klerk +27 11 517 9000 of e-pos invest@reunert.co.za.
This report is also available in English.

**Vir agtergrondinligting oor Reunert besoek ons webwerf by www.reunert.com**

BASTION GRAPHICS